### *Jerusalem, die 'Elohim se stad'*

**48** Na die aandete, wat bykans `n uur geduur het, vra **Cornelius** aan Cyrenius: "Verhewe broer, wat dink u daarvan?! Sal ons vandag nog hier bly of sal ons maar - in verband met die uiteindelike belangrike sake wat op ons lê te wag - weggaan? Ek is geheel u dienaar en skik my na u woord."

[2] **Cyrenius** sê: "Eintlik moes ek al vanmôre vroeg afgereis het, omdat daar al beslis dringende sake op my lê en wag. Maar sê nou self: Wie kan, as hy weet wat hier is, daarvan afskeid neem? `n Mens sou tog moeilik `n vriendelike keiser kon verlaat as hy sou sê: 'As jy wil bly, bly dan!' Maar wat is `n keiser vergeleke met wat hier is, waar die Skepper van hemel en aarde onmiskenbaar as mens by Sy mense en Sy engele vertoef?! Bowendien het Sy engele óók verlof gekry om langer hier te bly, en van hulle kan ons nog baie leer en gewaar word. Ag wat, nou sal ek sekerlik nie weggaan nie! Nie vir die hele Romeinse keiserryk sou iemand my nou van my plek kon wegkry nie, al gebeur daar wat ookal! - Bly jy in elk geval ook! Ek gee jou volledig toestemming daarvoor; en as daar iets sou gebeur, dan sal die aarde vanweë die paar dae nog lank nie vergaan nie! Bowendien glo ek dat ons by hierdie Meester baie beter versorg sal word as in Rome!? En sou iets baie dringends nie deurgaan nie, dan is daar in die hand van die Almagtige genoeg middele om ook die dringendste oombliklik te help."

[3] **Cornelius** sê: "Verhewe broer! Die besluit geval my besonder en ek het geen verlange om hierdie plek te verlaat nie! Ek stel hierdie vraag slegs maar in verband met die politiek staatsregtelike orde. Maar in `n bepaalde opsig sal dit miskien tog goed wees om ons mense van die wag, wat ons by ons het, vannag heimlik in die stad te laat spioeneer om te uit te vind wat die mense van ons aanwesigheid dink, en wat hulle almal daaroor te sê het!?"

[4] **Cyrenius** sê: "As die Meester niks daarteen het nie, kan ons dit laat doen, maar ek dink dat ons in die eerste plek aan die Meester, en vervolgens ook aan die twee engele, `n heel betroubare geheime polisie het, en dat dit nie nodig sal wees om solank as wat ons hier is, `n ander te gebruik nie. As ons later weer geskei word van die gewyde geselskap uit die hemele, dan sal ons onsself, jammerlik genoeg, weer van geheime verkenners moet laat bedien om op die hoogte te bly van die gesindheid van die mense, en dadelik voorsorgmaatreëls moet tref daaroor, waar hulle ongunstige samesweringe teen die staat mag smee. Maar as die Meester dit goed vind en as dit Sy wens is, is ek dadelik bereid om die noodsaaklikste uit te vaardig."

[5] **Ek** sê aan Cyrenius:"Hou maar op, want voorlopig weet Ek van alfa tot omega wat daar nou in die stad vir en teen ons gesê word. Oor die algemeen is dit verseker nie gevaarlik nie, want die volk is heeltemal te blind en te dom vir bepaalde boosaardighede. Hou dus maar op! Vanuit Násaret sal `n opstand nooit begin nie, daarvan kan julle verseker wees. Origens is My vriend Borus steeds die betroubaarste geheime polisie; letterlik niks ontgaan hom nie - wat in die stad wat nie so groot is nie, nie so moeilik is nie. Bowendien sou Ek My engele kon opdra om te spioeneer, en dan sou julle in één oomblik meer kan uitvind as wanneer julle tien jaar lank die beste spioene sou gebruik. Maar hier is sowel die een as die ander nie nodig nie - en daarom gaan ons heeltemal onbesorg slaap. Net Jaïrus sal nog `n bode na Jerusalem moet stuur en hom die berig saamgee van die afstanddoening van sy amp. Môre sal ons heeltemal ander dinge behandel."

[6] **Jaïrus** sê baie treurig, omdat hy die geselskap nou moet verlaat: "Meester sou dit dan nie moontlik wees om die oorkonde hier uit te vaardig nie, en dit hiervandaan met `n bode na Jerusalem te stuur nie? Die huis in Kapernaum is tog alles my eiendom, met alles wat daarin is. Landerye, akkers en weiveld mag ons priesters nie as besittings hê nie, en dus is alles van my in my huis, wat aan U welbekend is. Voorlopig het ek dus in Kapernaum niks te doen nie, en waarskynlik sal ek hierna ook niks daarmee te doen hê nie; my huis met alles wat daarin is, gee ek hierby aan my brawe skoonseun. Met `n magtiging van my sal hy daarheen kan gaan en alles met behulp van die staatsreg in besit kan neem - as `n regmatige erfgenaam na my dood, en ek en my vrou is regtig nie nodig daarby nie. Wat die vriende in Kapernaum betref, die is hier; die wat hulleself nog in Kapernaum bevind en meen dat hulle my vriende is, is egter geen afskeidsbesoek werd nie. Hulle is vriende voor jou, maar in hulle hart dra hierdie vriendskap geen gewig nie!

[7] **Ek** sê: "Nou bly jy dan ook maar, en Ek sal in jou plek een van My twee bodes wat hier aanwesig is, na Jerusalem stuur; hy sal so `n boodskap gouer afhandel as wanneer jy `n bode na Jerusalem sou stuur. Maar nie meer vandag nie, maar wel môre op die Sabbat!"

[8] **Jaïrus** sê: “Op die Sabbat sal dit in die tempel wel die minste geleë wees, want die hoëpriester en opperpriester in die tempel is met niks so streng as met die hou van die Sabbat nie!"

[9] **Ek** sê: "Laat dit maar! Hulle vind die hou van die Sabbat maar net so belangrik omdat daar soms noodsaaklikerwys daarvan afgewyk word en moet word, omdat elke mens tog dikwels genoodsaak is om op die Sabbat iets te doen. So kry die fariseërs dan juis die meeste kans om die oortreders van die Sabbatsrus heel growwe strafboetes op te lê.

[10] Bring hulle op `n Sabbat maar goud en silwer soveel as wat jy wil, dan sal hulle in die tempel die Sabbat ophef en vervolgens heel genoeglik jou goud en silwer aanneem. Daarom kan jy oor die Sabbat, wat die tempel aanbetref, gerus wees, My bode sal hom met die toevertroude karwei baie goed onderskei!

[11] Dink jy dan dat die fariseërs dit aangenaam sou vind as daar niemand sou wees wat vir dringende noodsaak dan ook so nou en dan die sogenaamde dag van JaHWeH sou skend? O, skreeu tog uit! Hoe meer skendings van die Sabbat, veral wat deur die rykes begaan word, des te meer lag die tempelhere in hulle mou!

[12] Daarom nogeens: Moenie meer daaroor besorg wees nie. My bode sal môre, nog wel tydens die offer, wat op elke plek waar die Sabbat gehou word, uitstekend ontvang word! Want hy sal met `n swaar goue geskenk die tempel binnegaan en so te sê deur die fariseërs met die vriendelikste gesigte en wyd geopende arms ontvang word; bowendien wag daar al tien aspirante op `n betrekking as owerste, waarvoor hulle groot somme aanbied. En daarom sal hulle, maar ook die tempeldienaars, `n vrygeraakte plek goed kan gebruik.

[13] Die Sabbat in die tempel sal tydens die bekende seremonie dadelik onderbreek word en die veiling van die amp van owerste te Kapernaum sal direk begin, en van die terugkerende bode sal jy selfs die naam van jou opvolger verneem.

[14] Kyk, so gaan dit tans in die huis van Elohim te Jerusalem, wat ook 'die stad van Elohim' genoem word, maar wat nou, op die keper beskou, die stad van die satan is. Omdat alle sake nou goed gereël is, sal ons nou gaan slaap, want môre sal dit vir ons `n vroeë dag wees!"

### *Verdeeldheid in die sinagoge*

**49** Nadat Ek dit gesê het, gaan almal slaap, slegs My broers, moeder Mirjam en Borus is nog in die kombuis besig om vir die komende Sabbat al die noodsaaklike voor te berei. Ook Sarah en Lydia help Mirjam en werk baie ywerig in die kombuis mee. Wanneer hulle alles in orde het, gaan hulle ook slaap. Soos gewoonlik is Mirjam vanmôre weer eerste op die been en wek haar helpers al lank voor sonop om alles, wat ons gedurende die dag nodig sal hê, volgens Judese gebruik nog vóór die begin van die Sabbatdag in orde en gereedheid te hê. Borus is ook druk besig, en toe ons uit die slaapkamers stap, staan al die tafels vir die oggendete al klaar.

[2] Buite word oggendpsalms gesing en op die talle tafels onder die vrye hemel wag reeds goed voorbereide visse, brood en wyn op diegene wat daarvan wil geniet.

[3] Ons gaan dan ook aan tafel sit vir die ontbyt en Ek stuur na die maaltyd die bode vir die bewuste aangeleentheid na Jerusalem. Jaïrus wag in groot spanning op die terugkeer van die bode, wat natuurlik slegs solank wegbly as wat hy nodig gehad het om op suiwer menslike wyse met die tempelpriesters te onderhandel. Aangesien die onderhandeling egter tog ongeveer twee uur geduur het, het die bode ook net na twee uur teruggekom, tot groot vreugde van Jaïrus, en bring vir Jaïrus, behalwe die berig oor die verheugde aanvaarding van sy akte van afstand as owerste, ook `n lof- en danksertifikaat vir sy getroue vervulde amp. Tewens word hom die naam van sy opvolger meegedeel, met die versoek daarby om in geval van nood sy opvolger met raad en daad by te staan, indien hy dit nodig sou hê.

[4] **Jaïrus** is nou baie opgewek en sê aan My: "Meester, ek dank U uit die diepte van my hart vir hierdie wonderbare redding uit `n amp wat my deur sulke Elohim weersinwekkende lewensomstandighede verseker in die hande van satan sou gebring het!"

[5] **Ek** sê: "Wel, het Ek jou nie gesê nie dat as daar voordelige sake te doen is vir die tempeldienaars, dan kan die Sabbat selfs tydens die offerande enige uur van die dag verbreek word! Daarom kan jy goed sien hoeveel die tempeldienaars vir Elohim en Sy gebod omgee!

[6] Maar nou sal ons ter wille van die volk tog weer die sinagoge besoek en weereens sien wat die fariseërs almal doen en leer; maar ons gaan heel agter sit, sodat die grootdoenerige fariseërs en volksoudstes ons nie so gou sal opmerk nie!"

[7] **Jaïrus** sê: "Maar ek gaan nie na binne nie, want vir my ken elke seun; as ek in die sinagoge is, moet ek voor by die raad van oudstes plek inneem, en dan sou julle daardeur verraai wees!"

[8] **Ek** sê: "Moet jou nie bekommer nie! Want as Ek jou iets aanraai om te doen, dan kan jy dit sonder enige sorge doen, en daar sal geen haar van jou geskaad word nie! Dus gaan ons nou saam op pad!" – Toe vertrek ons en bereik spoedig die sinagoge.

[9] Toe ons daar binnegaan, blyk dit baie leeg te wees en slegs die diensdoende fariseërs vul die plek van die raad van oudstes. Geleidelik kom daar heelwat ou Judeërs aan en neem in hul banke plek in om daarin met alle liefde hul oggendslapie te geniet.

[10] Na afloop van die offerande en die dooie aframmeling van die wet, enige toepaslike Psalms en die hooglied van Salomo, klim **`n spreker** op die verhoog, en begin met `n skorre stem die volgende toespraak: "My geliefdes in ons vaders Abraham, Isak en Jakob! Ons lewe nou in `n baie benarde tyd - byna soos aan die dae toe Noag die ark gebou het en uiteindelik op bevel van JaHWeH homself met sy familie daarin opgesluit het! Ons staan nou op die gewyde plek waarvan Daniël geprofeteer het, ons sien die gruwels van die verwoesting aan - soos wat die verbanne slawe van die heidense heks Megera die kwellinge van hul broers moes aansien en smartlik moes wag totdat die mense ook vir hulle in kokende metaal sou lê - en kan ons in geen enkele rigting beweeg nie! Ons staan daar so verlate by soos `n reeds lank afgestorwe boomstomp op `n bergspits, as `n skreiende bewys dat daar eens op die hoogte weelderige bosse gestaan het! Wat kan mens egter daaraan doen? Dit is `n lewensvraag! `n Diamantekroon vir iemand wat in staat is om daarop `n deugdelike antwoord te gee! Maar hy moet goed rekening hou met ons swaar geboeide, en deur alle kettings van die wêreld gekluisterde plek!

[11] Aan die een kant sit die Romeine soos die berg Sinaï byna op ons nek, aan die ander kant die Seun van die timmerman wat opeens, asof uit die hemel gevalle, van `n lummelagtige krulkop jongetjie getransformeer is in `n profeet, soos wat daar sedert Abraham nog nooit een onder die Judeërs geleef het nie. Almal loop Hom na, groot en klein en jonk en oud! As JaHWeH nou Self na die aarde sou afdaal, dan is dit maar `n vraag of Hy groter dinge sou doen of sou kon volbring! Iedere siekte genees Hy deur slegs maar op `n afstand iets te sê, die dooies roep Hy uit die grafte en gee hulle `n volkome gesonde lewe terug! Ook beveel Hy die winde en die golwe van die see en hulle gehoorsaam Hom soos die slawe hul meester! As Hy praat, is alles deurtrek van die diepste goddelike wysheid, en elkeen is in die ban van die mag van Sy woord en volg Hom van die een stad na die ander. Bowendien het Hy die grotes uit Rome heeltemal aan Sy kant, wat Hom as Hy dit nodig sou hê, met hul legioene ten dienste sal staan. Maar ons staan juis op die rand van die verskriklikste afgrond, en kan elke oomblik verslind word, en het ook nie één sterflike wese aan ons kant nie - behalwe hierdie ou slapers in die sinagoge! Dus vra ek nogmaals: Wat moet ons doen?

[12] Wat het ons nou van Moses en al die profete, waar selfs JaHWeH met Moses en die profete gespreek het, maar ons nou al meer as `n eeu in die diepste moeras laat beland het!? Of ons nou roep sodat `n mens ons tot aan die sterre hoor, tog meld geen JaHWeH Homself nie en Hy laat ons erger in die skandelikste narigheid sit as `n totale ligsinnige bruidegom sy arme, tienmaal verleide en ongelukkig gemaakte bruid! Daarby het ons nog die eer om 'Elohim se volk' te heet, terwyl dit juis die sogenaamde goddelose heidene is wat hierdie hoë aansien het en in besit is van al die mag en al die rykdomme van die aarde, wat JaHWeH aan Sy kneg Dawid volgens die Skrif beloof het - wat egter nooit vervul is nie!